**Woensdag 20 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 10:26-30**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:29**

## God sorg vir jou

Om dissipel van Jesus Christus te wees, is gevaarlik, lewensgevaarlik. Daagliks sterf daar talle mense in die Midde-Ooste omdat hulle in Jesus Christus glo. Dit maak dat mense bang word om hulle geloof in Jesus Christus uit te leef.

As volgeling van Jesus verwag Hy dat jy nie bang sal wees om jou geloof uit te leef en te bely nie. Jy is veronderstel om só te leef dat die beeld van Christus in jou sigbaar word. Jy moet ’n aantreklike advertensie vir God se koninkryk wees. Mense moet iets van God se liefde in jou optrede sien, in jou woorde hoor en in jou saamwees met hulle ervaar.

Wat dan van die gevaar wat jou geloof in Christus vir jou inhou? Jesus antwoord: “Moenie bang wees vir hulle wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan” (Matt. 10:28).

God sal vir jou sorg. Kyk na die mossies. Hulle is nie veel werd in geldwaarde nie, en tog sorg die Here vir hulle. Nie een van hulle sal op die grond val sonder die wil van ons hemelse Vader nie. Een kommentaar wys daarop dat dit ook vertaal kan word: *nie een van hulle sal op die grond hop sonder die wil van ons hemelse Vader nie.*

As God so intens by selfs die mossies betrokke is, hoeveel te meer sal Hy nie vir jou, sy kind, sorg nie?

*Sing: Psalm 84:2 (1936)*

*Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)*